KINDERHOEKIE

Lees Matteus 8:23-27

DIE 10 GEBOOIE

Maats, lees eers die skrifgedeelte en voltooi dan die 10 gebooie by die toepaslike prentjie.



SUIDERKRUIS

'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer

Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

DAGBOEK **16 JULIE 2023**

Vandag
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens en Doop
Teks: Genesis 25:19-34.
Tema: *God se trou is meer as mense se tekortkominge en sonde*
Geen Kinderkerke
10:00 Koffie en tee in die foyer

Woensdag 19 Julie
18:00 GKF Vergadering

Vrydag 21 Junie
Pannekoek bak by Pick 'n Pay

Saterdag 22 Julie
Pannekoekbak by Pick 'n Pay

Sondag 23 Julie
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke na die oggendiens
10:00 Koffie en tee in die foyer

VERLOF – DS TIAAN
Ons is baie bly om te noem dat ds Tiaan weer van môre af aan diens is.

SUIDERKRUIS WHATSAPGROEP
Moenie uitmis op belangrike nuus en gebeure in die gemeente nie. Stuur sommer nou 'n whatsap na Elize, 0832976748 en sy sal die skakel aanstuur. Net Ds Tiaan en Elize kan op daardie groep inligting plaas. Die afkondigings word weekliks daarop geplaas sowel as die skakel na Ds Tiaan se preke. Daar sal geen "gemorspos" op die groep wees nie.

GEBEDSLYS
Hospitaal
- Marie Prinsloo
- Maritsa Botha

GOD HET GEEN KWOTASTELSEL IN PLEK NIE

God is nie soos ons nie. Hy het geen kwotastelsel vir vergifnis in plek nie. Anders gesê, nie een van ons het ooit so ver geval dat Jesus ons nie nogmaals kan in Sy greep van genade kan vang nie. Nie een van ons is ooit buite die reikwydte van Jesus se aanraking nie. Nooit bevind ons onsself buite die bandwydte van hemelse vergifnis nie. Vra vir Petrus. Volgens Matteus 18 het hy gemeen sewe keer se vergifnis vir oortredings teenoor mekaar, is ruim. Die godsdienstiges van sy dag het immers geglo drie maal is oorgenoeg. Dan was dit "game, set and match." Daarna mag kwaad maar met kwaad vergeld word. Toe verras Jesus hom met 'n nuwe hemelse formule: sewentig maal sewe, ad infinitum, oneindig, vir altyd en aanhoudend! So werk vergifnis teenoor ander mense. Presies so werk hemelse vergifnis ook. God hou nie boek as dit by vergifnis kom nie. Hy tel nooit hoeveel keer jy Hom om vergifnis kom vra het nie. Hy het eerlikwaar nie 'n kwotastelsel vir vergifnis nie.

God is oneindig goed en eindeloos genadig. Dit is wie Hy is. Hy het ons lief ten spyte van wie ons is en wat ons doen. Hy het ons eerste lief. Hy het ons al die pad lief. Hy het ons vir ewig lief, selfs al breek ons Sy hart. Nee, dit beteken nie Hy het aan ons 'n lisensie gegee om in sonde rond te lê nie. God se ruim vergifnis is nie 'n vrypas tot sonde nie. As ons wel die slag die pad byster raak, dan moet ons weet Jesus spesialiseer in droogmakers en struikelendes. Hy bring graag genadebedelaars se saak voor God in die reine. Hy begin graag oor met ons. Daarom nooi Hy ons opnuut na Hom toe uit. Christus se oop arms van genade is vandag vir ons bedoel. ***-Stephan Joubert [eKerk]***

GEMEENTEKAMP

Ons beplan om vanaf 15–17 September 2023 'n gemeentekamp te reël. Ons gaan weer hierdie jaar by Club Amigos (naby Ventersdorp) bespreek, dis gerieflik naby aan Potch. Daar is lekker visvangplek en 'n onderdak warmwater swembad asook 'n glybaan vir die "jongklomp".

Pryse is soos volg:

- R560 per naweek wat 2 persone insluit.
- R700 vir 3 persone
- R840 vir 4 persone
- R980 vir 5 persone
- R1120 vir 6 persone (maksimum)

Elke staanplek het dan ook 'n R35 adminfooi betaalbaar. Slegs een motor word toegelaat, vir 'n ekstra motor is dit R50 per nag. Vir 'n klein hondjie is dit R30 ekstra per nag.

Daar is ook chalets beskikbaar:

- 2 *sleeper* (slegs 2 persone) R1150 vir die naweek plus R300 sleuteldeposito plus R65 adminfooi – slegs 1 beskikbaar
- 5 *sleeper* (maks 5 persone) R2200 vir die naweek plus R300 sleuteldeposito pus R65 adminfooi – slegs 5 beskikbaar

Ek moet ongelukkig so gou as moontlik bespreek om te verseker ons kry staanplekke bymekaar.

Daar is alreeds 10 staanplekke bespreek. Indien jul belangstel om saam te gaan, kontak asb die kerkkantoor en gee jou naam so gou as moontlik op. ***- Elize***

PROJEKTE WAT DEURLOOP TOT 29 SEPTEMBER

- **Brandewyn:** Vir slegs R10 per kaartjie staan jy 'n kans om 'n unieke bottel Drie Berge Brandewyn te wen. Dit is 'n 5-jaar oue brandewyn en is glad nie hier in ons geweste te koop nie. **By Makro kan jy hierdie bottel brandewyn bestel vir R1171!!** Die vorms is in die foyer beskikbaar. Dankie aan Tannie Johanna Handford wat vir ons hierdie bottel geskenk het.
- **Kwiltdeken:** Vir R30 per kaartjie staan jy ook 'n kans die pragtige kwiltdeken wat oor die klavier agter op die verhoog hang, te wen. Hy is handgemaak en geskenk deur ons Koster, Jacoba Ras. Die vorms vir hierdie pragtige deken is ook in die foyer beskikbaar.

DATUMS VAN FONDSINSAMELINGSPROJEKTE BEPLAN VIR DIE HUIDIGE BOEKJAAR

- Pannekoek bak by Pick 'n Pay: 21 en 22 Julie; 6 en 7 Oktober
- Proe-aand: 29 September
- Kersliedere-Kuier-Aand: 24 November

Ander projekte:

- Borg 'n bank (besonderhede sal deurgegee word)
- Hengelkompetisie: 14 Oktober 2023

Indien daar enige idees is vir fondsinsamelings of as jul kan help by bg projekte, kontak asb die kerkkantoor: 0182947939 / 0832976748.

VERJAARSDAGLYS

Vandag: Ellie Geldenhuys, Lize vd Heever, Antoinette Vosloo
17 Julie: Johan Kok, Jaco vd Merwe, Jan van Wyk
18 Julie: Marie Prinsloo **(83jr)**, Elize Harber, Elisma Jacobs
19 Julie: Dries de Bruyn, Joyce le Roux, Chrisna Stoppel
20 Julie: Louis Spamer, Moniece du Plessis, Francois Blom
21 Julie: Geen Verjaarsdae
22 Julie: Marina Joubert **(81jr)**, Tommie Botha

GOD IS LIEFDE

"God is liefde!" lees ons in 1 Johannes 4:8,16. Liefde is nie 'n eienskap van God nie, maar dit is Wie God is. Hy is totaal en al liefde. God se wese is liefde. God se liefde is egter volmaak want God is volmaak. Alles wat God doen doen Hy uit 'n hart van liefde.

Soms het ons vrae omdat alles op aarde nie so goed en glad en mooi verloop as wat ons graag wil hê nie. Dan word daar maklik gevra: "Is dit hoe 'n God van liefde slegte dinge toelaat?" Ons vra dit omdat ons nie God se liefde verstaan nie. Ons erken egter nie maklik nie dat óns nie volmaak is nie, dat óns die oorsaak is van die gemors op aarde. Dit is óns wat dikwels liefdeloos handel teenoor ons medemens, ja selfs teenoor ons man of vrou of kinders of familie. Steeds wil ons egter die slegte dinge voor God se deur lê asof God die bewerker is van die slegte. Tog is God se liefde in Jesus Christus alles omvattend.

Ons lees in Efesiërs 3:17-19 dat ons liefde moet verstaan soos dit in Jesus Christus se liefde geopenbaar is. Jesus Christus het in volle gehoorsaamheid aan sy Vader vir ons aan die kruis gesterf. Hy het ten volle betaal vir al ons oortredinge en vir al ons sondes. Daarom kan ons net verstaan wat liefde werklik is as ons die versoeningswerk aan die kruis verstaan.

Nooit het God alles net goedgekeur wat die mens doen nie. Hy het ook die volk Israel gestraf vir hulle oortredinge. Hy het Homself geweldig vertoorn oor Israel se sondes en daarom is hulle in ballingskap weggevoer. God se liefde is egter so groot dat Hy barmhartigheid en genade in Christus aan ons betoon het. Hy het die Heilige Gees gestuur om ons te lei. Hy het die Woord gegee sodat ons daardeur God en sy wil kan leer ken.

Efesiërs 3:19: "Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."

-Ds Gerrit Kruger, Centurion

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- **R2-projek:** Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektesakkie.
- **Koperkruik-projek:** Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- **2e-Handse snuffelwinkel:** Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek ***– Elize***

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien
Elektroniese betaling:
EFT of Zapper
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005